# *Landbou* in AFRIKA

## Inleiding

Die vasteland van Afrika is 'n opmerklik saamhangende landmassa met 'n oppervlakte van ongeveer 11½ miljoen vierkante myl. Hiervan lê meer as 9 miljoen vierkante myl binne die keerkringe. Die wêrelddeel het dus 'n oorwegend tropiese karakter.

Noord-Afrika is deur die Sahara-woestyn van die trope afgesny en die gebied het 'n ontwikkelng deurgemaak wat aansluit by die ou lande rondom die Middellandse See. Ook Suidelike Afrika het 'n eie koers gevolg gebaseer op sterk Westerse invloede.

Die kern van die kontinent, dit wil sê Tropiese Afrika, het egter eeue lank ontoeganklik gebly en die dinamiese ontwikkeling van die buitewêreld het hierdie uitgestrekte gebied verbygegaan.

Die binneland van Afrika is feitlik eers in die 20ste eeu oopgesluit en daarmee is die swart wêrelddeel gekonfronteer met die noodsaaklikheid van 'n versnelde aanpassing aan 'n buitewêreld wat self nog besig is om vinnig te verander.

Deur die aanraking met veral die Westerse volke, wat die bestuur oor Afrika in hande geneem het, is die ekonomiese en sosiale samestelling van die kontinent ingrypend gewysig.

Van die ekonomiese veranderings wat plaasgevind het is die geleidelike ver-

vorming van 'n geslote onderhoudsekonomie tot 'n ekonomie wat gedeeltelik vir 'n binne- of buitelandse mark produseer stellig die belangrikste.

Omtrent 90 persent van die bevolking van Afrika is nog regstreeks afhanklik van die grond en sy produkte. Hoewel die industriële bedrywigheid, veral mynbou, in die jongste dekades aansienlik toegeneem het, is dit duidelik dat die landbousektor die grootste bydrae tot die aanpassing moet lewer.

A. **Huidige aspekte van die Landbou.**

Die grondgebruik van die inboorlingbevolking word vrywel geheel bepaal deur natuurlike omstandighede. Rofweg kan twee afsonderlike groepe onderskei word:

die aanhou van vee op natuurlike weigronde in droër streke en op hoogvlaktes;

'n skuiwende vorm van akkerbou in streke met 'n matige tot goeie reënval.

Die V.L.O. verstrek die volgende gegewens betreffende die grondgebruik in Afrika.

**Grondgebruik in Afrika:**

| Totale oppervlakte: | Oppervlakte gebruik vir akkerbou of veeteelt: | | Beboste land | Ander gronde |
|---|---|---|---|---|
| | Akkerbou of boomgewasse: | Blywende weilande: | | |
| 11,408 | 1.000 vierkante myl | | | |
| (100%) | 932 | 2,220 | 2,899 | 5,357 |
| Vasteland | (8.2%) | (19.5%) | (25.4%) | (46.9%) |

Bron: „FAO, Yearbook of Food and Agricultural Statistics, 1956".

Dit blyk dat slegs 27.7 persent van die totale oppervlakte van die vasteland tans gebruik word vir ekstensiewe akkerbou en veeteelt.

Hierby moet egter in aanmerking geneem word dat 40 persent van die landoppervlakte min of meer as 'n woestyn beskou kan word. Vir 'n lang tyd was onderhoudslandbou kenmerkend vir Afrika gewees en na skatting geproduseer nog 60 tot 70 persent van die produksiefaktore, grond en arbeid, nie vir 'n mark nie.

'n Globale beeld van die onderhoudslandbou in Afrika kan as volg geskets word:

Die landbou in die kusstreke langs die Middellandse see dateer reeds eeue terug. Beeste word aangehou; die grond word geploeg vir die verbouing van gars en koring; die teelt van vrugte soos olywe, vye en druiwe is belangrik.

Suidwaarts na die grens van die Sahara tree nomadiese skaapboerdery in die plek van akkerbou.

In die woestyn word slegs enkele oases gevind. Dadels en kamele vorm die middele van bestaan.

Besuide die Sahara, in die half droë gebiede van die Soedan leef herdersvolke wat afhanklik is van skape en grootvee.

Verder na die suide in Frans Wes-Afrika en die Soedan waar reeds 'n reëntyd van enige maande voorkom, word weer akkerbou beoefen, naamlik sorghum en millet. Die grond word met die skoffelpik bewerk en die opbrengs is baie wisselvallig.

Na mate die reënval toeneem, word die landbou intensiewer. Die vernaamste voedselgewasse is millet, mielies en grondboontjies op die hoër geleë lande en rys langs die riviere. Skape en grootvee word ook aangehou, maar gemengde boerdery het nie tot ontwikkeling gekom nie, want waar die renval betreklik hoog word, heers ook die tsetsevlieg wat die dodelike siekte (nagana) oordra op die vee.

In die vogtiger streke word broodwortel, patats en kassawe verbou, terwyl ook piesang en palmolie 'n belangrike deel van die voedsel uitmaak.

Nog digterby die ewenaar in die dunbevolkte tropiese oerbos, waar die reënval meer as 60 duim per jaar beloop, neem die intensiteit van die landbou weer af. Klein plotjies word gekap waarop 'n groot verskeidenheid van produkte verbou kan word soos broodwortel, patats, boontjies en vrugte.

Die hooglande van Oos-Afrika het 'n klimaat wat afwyk van die ekwatoriale tipe. Akkerbouers het hier lank ondergeskik gebly aan rondtrekkende herdersvolke wat ongebreideld vee aanhou, hoofsaaklik as 'n weelde-artikel. Dele van Suidelike Afrika het in vroeër jare 'n ooreenkomstige beeld getoon maar tans is die landbou buite die reservate geheel Westers georiënteer.

Die tegniek van die onderhoudslandbou volg ongeveer dieselfde patroon oor uitgestrekte gebiede van Afrika van vér in die Weste tot aan die Ooskus:—

Die dorpelinge maak gemeenskaplik 'n stuk grond skoon in die omgewing van die dorp. Die bos en die struikgewas word gekap en aan die brand gesteek. Die grond word vervolgens omgekap met skoffelpikke en die tradisionele gewas word geplant. Na 'n minimum van versorging word geoes. Die land word twee of drie seisoene bebou. Dan word 'n nuwe strook land skoongemaak. Die verlate grond bedek hom gou weer met gras en bos wat uit die agterblywende stompe opskiet. Die herstelperiode duur van 10 tot 15 jaar. Rondom die dorp word blywende tuine aangetref waar die vrouens groente en vrugte kweek.

Die tegniek van die inboorling bied sekere voordele. Die klein stroke bos wat gekap en gebrand word, bly beskerm teen gronderosie deur die omringende bos. Die as vorm 'n tydelike verryking van die grond, altans aan minerale. Daar is 'n arbeidsbesparing deur die gebruik van vuur terwyl ook die boomstompe in die grond bly. Die stompe vorm geen hindernis vir die skoffelpik en help om die herstel van die bodem te bespoedig nadat die grond nie meer bewerk word nie.

Voorwaarde vir die welslae van die metode is die beskikbaarheid van voldoende grond en dit is hier waar die skoen begin druk.

Twee faktore het veral sedert die 20ste eeu op hierdie ewewigtige geslote huishouding ingewerk, naamlik die

Westerse geldekonomie en die groei van die bevolking.

Onder Westerse invloed het nuwe behoeftes ontstaan by die inboorlingbevolking. Vir die aanskaf van die begeerde goedere was ruilmiddele nodig; vandaar 'n strewe na die besit van kontantgeld. Die resultaat was 'n groot uitbreiding van die produksie van handelsgewasse.

Die plek wat Afrika tans inneem by die produksie van enkele belangrike handelsgewasse word hieronder aangetoon.

Die welstand van groot groepe van die bevolking van Afrika word tans grootliks bepaal deur die pryse wat hulle op die mark ontvang vir hul produkte.

Die bevolking van Afrika het vinnig begin toeneem vanaf die 20ste eeu. In 1900 was die bevolking nog ongeveer 120 miljoen maar middel 1956 word die aantal inwoners reeds geskat op 215 miljoen. Dit was dus noodsaaklik om ook die voedselproduksie uit te brei.

Hoewel Afrika as geheel betreklik dun bevolk is, is daar tans nietemin gebiede waar die bevolkingsdruk onder

| Produk: | Produksie in Afrika as 'n persentasie van wêreld-produksie (1955) | Produsente in volgorde van grootte van produksie: |
|---|---|---|
| Grondboontjies: | 25% | Frans Wes-Afrika, Nigerië, Unie van S.A., Belg. Kongo, Oeganda, Soedan, Frans Ekw. Afrika. |
| Kakao: | 64% | Ghana, Nigerië, Frans Wes-Afrika, Frans Kameroen. |
| Katoen (vesel): | 9% | Egipte, Soedan, Oeganda, Belg. Kongo, Frans Ekw. Afrika, Mosambiek, Nigerië, Tanganjika. |
| Koffie: | 14% | Frans Wes-Afrika, Oeganda, Angola, Etiopië, Kenia, Tanganjika, Ruanda-Unundi. |
| Palmolie en Palmpitte | omtrent 80% | Nigerië, Frans Wes Afrika, Belgiese Kongo. |
| Sisal | 51% | Tanganjika, Angola, Kenia, Mosambiek. |
| Sitrusvrugte | 9% | Algiers, Egipte, Unie van S.A., Marokko. |
| Tabak | 5% | Fed. Rhodesië en Nyasaland, Algiers, Unie van S.A. |

Bron: „FAO, Yearbook of Food and Agricultural Statistics, 1956.

By die kommersiële produksie van palmolie, kakao, sisal en grondboontjies, speel Afrika tans 'n belangrike rol. Ook die produksie van koffie, katoen, sitrusvrugte en tabak het 'n belangrike uitbreiding getoon.

Opmerklik is dat met uitsondering van sitrusvrugte, sisal en tabak, die massa van hierdie tropiese produkte verbou word deur die inboorlingbevolking op kleinhoewes. Dit geld onder meer vir palmolie, kakao, grondboontjies, katoen en koffie

die bestaande ekonomiese verhoudings reeds gevoel word. Dit het onder meer betrekking op dele van Noord-Afrika, Ruanda-Urundi, Nigerië, Sierra Leone, Gambia, Oeganda, Basoetoeland en Ghana.

Die vernaamste beginsel van skuiwende landbou, naamlik 'n langdurige rusperiode op die afgeoeste gronde vir herstel van die vrugbaarheid, is deur druk van omstandighede in toenemende mate verontagsaam. Die rusperiodes

het korter en korter geword en beloop in sommige dele van Wes-Afrika tans slegs twee jaar.

In die weistreke het die veegetalle wat deurgaans van swak gehalte is, sterk vermeerder en dit het ernstige oorbeweiding ten gevolge gehad.

Die gevolge hiervan is vir die grond in werklikheid katastrofies gewees. Die natuurlik vrugbaarheid van die bodem van die ou Afrikaanse vasteland is minder as wat somtyds aanvaar word. Bowendien is die vernielende krag van die tropiese klimaat buitengewoon sterk indien die bodem eenmaal sy beskermende plantegroei verloor het. Talryk is dan ook die stukke land in die nabyheid van dorpe wat heeltemal uitgeput of selfs permanent onbruikbaar skyn te wees.

Opsommend is die taak wat tans aan die landbou in Afrika gestel word tweeledig:

uitbreiding van die produksie van sowel voedsel- as handelsgewasse,

bewaring van die onsekere bodemvrugbaarheid.

B. **Verdere ontwikkeling van die landbou.**

By die verdere ontwikkeling van die landbou in Afrika kon die volgende faktore moontlik 'n belangrike rol speel:

toenemende kapitalisasie;

verbetering van die organisatoriese en tegniese kennis van die landbouende bevolking;

doeltreffender bemarking.

**Kapitaal**

In die inboorlinglandbou van Afrika is kapitaal 'n skaars produksiefaktor. Ook die soms groot veegetalle in die weistreke vorm merendeels geen produktiewe kapitaal nie.

Ongelukkig moet verreweg die grootste gedeelte van die kapitaal, benodig vir ontwikkeling van die landbou, verstrek word deur die boere self. In groot dele van Afrika is dit vir die bevolking onmoontlik om besparings binne die landboubedryf te maak. In streke waar die verdienste van boere goed is, byvoorbeeld in dele van Ghana en Nigerië (kakao), Tanganjika en Oeganda (koffie) kom dit voor of die hoë verbruikersgeneigdheid van die bevolking die kapitaalvorming belemmer.

Aangesien ook die ander sektore van die ekonomie in Afrika met 'n kapitaaltekort te kampe het, sal in baie gevalle 'n beroep op buitelandse kapitaal gedoen moet word. In die jongste jaar was daar egter in die meeste lande 'n netto uitvoer van private kapitaal. Hierdie neiging word tot 'n mate gebalanseer deur 'n toevloei van openbare fondse, hoofsaaklik uit Frankryk, Brittanje en België.

Die gedeelte hiervan wat vir landboudoeleindes bestem is, sal oordeelkundig bestee moet word.

Dit kan aanvaar word dat grootskeepse meganisasieprojekte vir die landbou in tropiese Afrika voorasnog nie winsgewend sal wees nie. Selfs onder Europese leiding het talle mislukkings voorgekom. Die grondboontjieskema in Tanganjika het die Britse belastingbetaler £36 miljoen gekos. Daar word nou geprobeer om nedersetters op dié land te bring. Die Franse het soortgelyke hoewel minder duur ondervinding opgedoen in Senegal (Frans Wes-Afrika). Sonder voorsorgsmaatreëls is selfs die ploeg skadelik vir die

tropiese gronde, soos ook ondervind is in Suid-Rhodesië en Oeganda.

Beter resultate is verkry met besproeiingswerke wat met owerheidsfondse gefinansieer is. Die Geziravlakte (Soedan) word besproei uit die Sennardam in die Blou Nyl. Katoen van hoë kwaliteit word hier verbou in rotasie met millet en 'n peulgewas.

Die dam van Sansanding in die Niger besproei 'n gedeelte van die binnelandse Nigerdelta in Frans Soedan. Die hoofgewasse is katoen vir uitvoer en rys vir die toenemende verbruik van die bevolking van Wes-Afrika. Die oorspronklike verwagtings is hier egter nie verwesenlik nie. Soos bekend is geheel Egipte feitlik een besproeiingsgebied. Die opbrengs per morg van katoen in die Nyldelta is onder die hoogste in die wêreld en die oase El Faiyum het 'n sentrum van intensiewe vrugteteelt geword.

Die grootste gedeelte van Afrika kan egter nog nie gehelp word met duur skemas nie. Die aanlag van klein dammetjies, putte en kontoerwalle, wat die bevolking self tot stand kan bring, sal reeds heelwat beteken.

**Organisasie en tegniek**

In Afrika is die grond nog hoofsaaklik die eiendom van die dorpsgemeenskap, hoewel die stamme almeer verbrokkel.

Die metode van skuiwende lanbou, prakties sonder grondbewerking, was uit 'n oogpunt van grondbewaring miskien nog nie so sleg nie. As gevolg van die vinnige groei van die bevolking en die gevolglike inkorting van die rusperiodes, het intensiewer tegnieke egter noodsaaklik geword.

Die meeste van die Europese owerhede het besluit op gemeenskaplike boerderystelsels, wat onder deskundige toesig bestuur word. Dit neem slegs selde die vorm aan van 'n suiwere koöperasie en gaan dikwels gepaard met betrokke skemas vir ontginning, besproeiing en grondbewaring. Dit kan wees dat nedersetters uit digbevolkte gebiede op nuwe gronde gebring word maar ook probeer die owerhede om die landbou rondom bestaande dorpe op 'n hoëre peil te bring.

Die kom voor of die organisasievorm wat met die laagste vaste-koste werk, die grootste kans het om te slaag. In die verband is die stelsel van die „paysannats" in die Belgiese Kongo, wat ook nagevolg word in Frans Ekwatoriaal Afrika, vermeldenswaard. Hierby word bepaalde bosgebiede in ewewydige stroke toegewys aan inboorlinggesinne. Elke jaar word met tradisionele middele 'n deel van die stroke ontbos in die aangegewe rigting. Die stukke grond wat ontbos is, word bebou volgens 'n wisselboustelsel van byvoorbeeld katoen, grondboontjies, piesang en 'n peulvrug. Die bedoeling is om die grond vervolgens 'n rusperiode te gun, terwyl die ontbossing aan die ander end van die stroke voortgaan. Na verloop van tyd keer die gesin weer na die beginpunt terug. Toesig word gehou deur 'n maatskappy wat ook die produkte versamel en bemark. Die maatskappy is verteenwoordigers van die Owerheid en het belang by 'n groter produksie.

Hoewel in verskeie lande suksesse behaal is, moet wetenskap en tegniek nog 'n blywende oplossing vind vir veelomvattende probleme soos:

die bestryding van talryke siektes en peste wat die bevolking die vee en die

gewasse bedreig; die waterkontrole; die bewerking van die bodem en die grondbewaring.

Talle navorsingstasies werk reeds in Afrika vir die ontwikkeling van landbou en veeteelt. Koördinasie van die verskillende navorsingsprojekte is noodsaaklik en in die verband speel die C.C.T.A. 'n uitstaande rol. Daar word nou ook streekskantore van die F.A.O. in Afrika opgerig.

In die geval van onderwys en uitbreiding lyk dit of daar oók met die beperkte finansiële middele nog verbetering moontlik is, byvoorbeeld deur in die leesstof van alle skole sommige beginsels van landbou en grondbewaring op te neem.

**Bemarking**

Die sterkste aansporing vir die uitbreiding van die produksie van handelsgewasse is die bestaan van 'n lonende mark op die lang termyn.

In dié verband speel die bemarkingsrade wat die bemarking beheer van die meeste produkte van Tropiese Afrika wat op die wêreldmark aangebied word, tans 'n oorwegende rol.

In die reël ontvang die produsent 'n vaste prys. Dit pas aan by die sielkunde van die inboorling wat 'n laere prys as wat hy in die vorige seisoen ontvang het as 'n onreg voel.

Die meeropbrengs wat die Rade op die oorsese marke ontvang, word na aftrek van alle koste belê in reserwefondse. As gevolg van die buitengewoon hoë pryse in afgelope jare ontvang vir kakao en koffie het die betrokke Rade in Ghana, Nigerië en Oeganda groot reserwes opgebou wat tot 'n groot mate in Brittanje belê is.

Dit is duidelik dat 'n ontydige besteding van die gehele opbrengs van die uitvoere in die lande inflasie in die hand sou gewerk het. Die Rade moet egter 'n balans bewaar tussen 'n veilige reserwe en besteding van die fondse by voorkeur ten bate van die landbou.

F. POPPING.

Afdeling Ekonomie en Marke.

**Bronne:**

L. Dudley Stamp: Africa, A study in tropical development, London 1953.

International Institute of Differing Civilizations: Report of the 28th Study Session, The Hague, 1943.

Scope and Structure of Money Economies in Tropical Africa.

United Nations, New York, 1955.

Economic Developments in Africa 1955-1956, supplement to World Economic Survey 1956.

United Nations, New York, 1957.

Co-operatives and Land Use.

FAO Agricultural Development paper no. 61, Rome, 1957.

F.A.O. Yearbook of Food and Agricultural Statistics: Part 1, Production, Rome, 1957.